

Skriflesing: Markus 13:1-13Teks: **Markus 13:5-8**

Sing- VOTUM- Ps. 121: 1,2,4

TYDENS EREDIENS- Sb.5-3 (8):1,2; Ps. 72:1,11; Ps. 47:1,4; Sb.15-8 (44):4,5

Markus 13:1-13

Mar 13:1 En toe Hy uit die tempel uitgaan, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter klippe en watter geboue!

Mar 13:2 En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!

Mar 13:3 En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, regoor die tempel, vra Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas Hom afsonderlik:

Mar 13:4 Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring word?

Mar 13:5 En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mar 13:6 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! En hulle sal baie mense mislei.

Mar 13:7 Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie.

Mar 13:8 Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnood wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Mar 13:9 Maar wees julle vir julleself op die hoede, want hulle sal julle oorlewer aan regbanke, en in sinagoges sal julle geslaan word en voor goewerneys en konings gebring word om My ontwil, vir hulle tot 'n getuienis.

Mar 13:10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.

Mar 13:11 En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daarvoor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees.

Mar 13:12 En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.

Mar 13:13 En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Skriflesing: Markus 13:1-13Teks: **Markus 13:5-8**

Sing- VOTUM- Ps. 121: 1,2,4

TYDENS EREDIENS- Sb.5-3 (8):1,2; Ps. 72:1,11; Ps. 47:1,4; Sb.15-8 (44):4,5

Ons was verlede Sondag al by die vraag, broeder en susters, waarmee ons lank besig kan wees.

Wanneer sal die dinge van die einde wees en hoe sal dit dan wees ... Ons kan dalk nog 'n derde vraag byvoeg, nie alleen wat sal die teken van Jesus se wederkoms wees nie, maar wat sal die tekens wees as dit aankom op die einde van dinge. Die dissipels van die Here, veral vier van hulle, is die vraestellers ... ja twee pare broers, Petrus en sy broer Andreas, Johannes en sy broer Jakobus kom al meer op die voorgrond. Hulle almal is daardie laat Dinsdag-middag teen die hange van die Olyfberg. 'n Hele ent die berg uitgeklim. Die tempel in sy mooiheid en grootheid het ons verlede Sondag al besef dit was 'n gebou waarvan Jesus weggestap het om nooit weer daarheen terug te keer nie. Daar teen die hange van die Olyfberg, oos van Jerusalem waar hulle

'n oop gesig op die tempel kon hê, want aan die ander drie kante was die tempel deur mure omring dat daar uit die ander rigtings nie so 'n mooi oop gesig op die tempel was nie. Wie teen die berg staan, oos, en die tempel kom in die gesig dan was dit 'n vol gesig. Dis hier teen die berg wat hierdie vier dissipels nou groot vrae het om te vra.

Ja, u besef ons het die Profetiese Rede hierdie laaste week van Jesus op aarde, teen die hange van die berg uitgespreek, maar so drie jaar terug, toe Jesus sy eerste preek op aarde gepreek het, word dit ook genoem die Bergrede. Eintlik was dit 'n aangrypende Bergpreek, dit wat Jesus se eerste preek op aarde was. Toe was dit natuurlik in Galilea weg van die geroesemoes wat nou hier in en naby Jerusalem aan die broei was. Met die Bergrede het die groot skare 'n oop gesig op die see van Galilea kon hê. Dit was mooi wêreld, dit was rustig. U ken dit wat ons in Mattheus 5 kan begin lees, ja so mooi begin dit met wat ons noem die *Saligsprekinge*. Daar het Jesus agt maal, party sê nege maal, het hy die mense salig gespreek.

Hoe mooi dit wat dit mag beteken om salig gespreek te word. Gewoon is daar seker geen seën van God wat daarby vergelyk kan word as God in Christus jou salig spreek nie. Nou in die Profetiese Rede het ons verlede Sondag alles behalwe agt pragtige saligsprekinge kon hoor, intendeel agt keer was daar vir mense gesê, spesifiek die huigelaars wat die Fariseërs en Sadduseërs in besonder betrek, *wee julle ...* ja agt keer *wee julle*, of soos die 83-Vertaling dit stel ... *ellende wag vir julle*. Die Bybel Direkte vertaling sien ek stel dit ... *ellende wag op julle ...*

Deel van die ellende wat ons verlede Sondag by was, is dat die massiewe tempel verwoes sou word. Dit wat die hart van Israel se ontaarde godsdiens was. Geen klip, hoe groot dit ook al mog wees en daar was pragtige marmerblokke wit, geel en groen sou dit teen die laat middagson kon glinster. Alles so mooi, maar Jesus stel geen klip sal op die ander bly lê nie. Daar sou met die tempel 'n einde kom ... Dit wat ons verlede Sondag al kon aanraak was vir die dissipels eenvoudig te veel. As hulle teen die berg al 'n ent uitgeklim het, was hulle al 'n ent weg van die tempel, al deur die Kedron, nou teen die Olyfberg op waar Jesus dalk 'n wyle gestop het omdat hy die dringendheid in sy vier dispels se gedagtes kon raaksien, Hy wat alles weet. Nou kom die vraag wat die eeue omsluit en omarm waarmee ons die Profetiese Rede nog dieper wil ingaan met die dissipels se *tydsvraag* en *tekenvraag*.

Wanneer sal die dinge wees ... en hoe sal die dinge wees ... die tekens van Jesus se wederkoms maar ook die tekens van die einde van eeue, is waarmee ons vandag nou weer met hierdie laaste preek van Jesus op aarde groot dinge moet raaksien. Die dissipels het egter groot denkfoute gemaak en uit hulle verkeerde denke heeltemaal verkeerde verwagtinge oor hulle eie tyd en die toekoms gewys in wat Jesus niemand in sy/haar verkeerde denke wil los nie. Vir Jesus is dit van die uiterste belang nie hoe sien ek die toekoms nie, maar die nog groter vraag vir die Here is hoe sien ek *my plek en my roeping* in die *hier en die nou van Sy Koninkryk*. As ek eers myself midde-in die Koninkryk van God raaksien dan sal ek ook meer van God se toekoms, nie net vir my nie, maar ook God se toekoms vir die wêreld baie beter kan begryp. Die koninkryk van God is die enigste brug wat ons na die toekoms kan inlei en eintlik ook die enigste bril wat my nou reeds iets van die toekoms kan laat raaksien.

Ons lewe in 'n wêreld onderstebo, eers was dit 'n verskriklike droogte, vir almal is die droogte ook nie eers heeltemaal gebreek nie, toe bek en klouseer wat al 'n soort van inperking op ons boere was, nou weer asof die ergste nie al erg genoeg was nie, nou word die wêreld deur 'n virus omgekeer, ons almal leef ingeperk. Ons weet die gelaat van die aarde is hierdeur diep geraak, duisende mense sterf daaglik. Maar waar staan ek vanoggend met wat rondom ons aan die gebeur is en aan die verander is, want verandering gebeur van alle kante en ek moet dit kan raaksien, kan verwerk en kan verreken. Dit wat ons vanoggend uit die Profetiese Rede na ons sien aankom, kom na ons van drie kante en dis waarby ons vandag moet stilstaan. Jesus praat van hoe godsdiens in sy wese aangetas sal word. In die tweede plek sien ons hoe die mensewêreld al meer in beroering kan kom. In die laaste plek skuif ons na die natuur. Hoe God se skepping al meer dreig om in chaos ineen te stort. Dis 'n mond vol maar kom ons hiermee besig raak. Eerste dan-

Hoe die godsdiens tot in sy wese aangetas word.

Van die groot gevare op die terrein van godsdiens, geliefdes is dat mense op godsdienstige terrein baie maklik mislei kan word. Mense hardloop agter allerhande soorte van predikers van soorte aan. Hulle kan naderhand 'n prediker meer begin aanhang as wat dit werklik om die waarheid gaan wat daar verkondig moet word. Die mens kom al meer op die voorgrond en nie meer die waarheid van die evangelie nie. Nou as ons Jesus se antwoord aan sy dissipels op die

terrein van godsdiens hoor dan sê Hy vir sy dissipels – Matt. 24 vers 4 kan ons dit onder andere lees- 4 ... *Pas op dat niemand julle mislei nie. 5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.* Ons kry mense wat op die terrein van die godsdiens voorgee hulle kan Jesus se wonderwerke nadoen. So word hierdeur ook baie onkundiges mislei. Dit was deur baie eeue al die geval. Selfs kort na Jesus se hemelvaart het daar al 'n klompie Jode na vore gekom wat voorgegee het dat hulle God se gestuurdes is wat Israel van die Romeinse juk sou verlos. Hand 5 vers 36 lees ons van hulle: 36 ...*want nie lank gelede nie het Theudas opgestaan en gesê dat hy iets besonders was. By hom het 'n aantal mense — omtrent vierhonderd — aangesluit.* Later was daar nog weer, nie baie lank na Jesus se hemelvaart nie 'n soortgelyke misleiding van 'n man ook met die naam Judas, ons lees van Judas die Galileër wat in die tyd van die volkstelling in opstand gekom het weer ook met 'n groot deel van die volk agter hom aan.

Ja, wat my altyd oor hierdie soorte van misleiding opval is hoe mense dit kan regkry dat daar dikwels nogal 'n groterige gevolg van mense agter 'n ou of vrou kan aanstroom. Dit gaan al vir langer as 2000 jaar so aan. Daar is nou weer 'n reeks op die VIA TV-kanaal getiteld *Openbarings* wat hierdie tipe van mense in ons land uitlig. Die laaste episode verlede Sondag het gegaan oor 'n ene Rooies Strauss wat nie vêr van ons, in Upington se wêreld met dinge besig is wat ek meen ons in hierdie konteks van Jesus se waarskuwing ter harte moet neem. As Jesus in Markus 13 sê – *Daar sal baie onder my Naam kom en sê ...* dan bedoel Jesus tog wat Hy sê ... daar sal baie sulke mense wees.

In Jesus se manier van praat, ja ook as dit gaan in hoe maklik die godsdiens in sy wese aangetas kan word, dan gaan selfs Jesus baie versigtig te werk in hoe Hy die dissipels antwoord. In die geval kan dit dalk selfs lyk die dissipels het tog vir Jesus 'n reguit vraag gevra maar dan is dit asof Jesus hulle nie sommerso 'n reguit antwoord gee nie. Jesus antwoord nie die tipe van vrae op 'n reguit meganiese manier nie. Daar is selfs mense wat wonder is Jesus nie eintlik besig om die reguit moeilike vrae te omseil nie, maar laat ons God se manier van antwoord eerder op 'n ander manier ook na kyk.

Vir God is die mens wat die vraag vra belangriker as die vraag self. God wil by die mens uitkom, Hy wil by sy werklike en uiteindelijke stryd uitkom. God kom uit by die dinge wat nie met maklike vrae en antwoorde afgehandel kan word en dan maar van die tafel gevee kan word nie. So eenvoudig is die lewe nou maar eenmaal nie!

Ons het verlede keer al gesien God gaan my nie toelaat om die ruimte van objektiwiteit al te maklik in te beweeg nie. So asof ek buite kan staan en myself soos 'n objektiewe toeskouer kan gedra en die dinge voor my sien afspeel maar ekself raak nie betrokke nie. Dan gaan dit oor die bevrediging van mense se nuuskierigheid en ek sit in die pawiljoen of op die galery en het my eie opinie, oor alles en almal, selfs heeltemal ongetoets en ek glo net ek is reg! Pasop daarvoor! Op die terrein van die godsdiens is daar vir geen mens 'n uitgewerkte godsdiensprogram wat ek item na item na my sien aankom en ek het nou die luukse om dit maar te beoordeel nie.

Vir jou en my roep God en Hy verwag van jou dat jy die Christus ken wat God Hom aan ons openbaar. Daar is net één, Hy alleen, dit is Hy wat jou stuur om te verkondig dat God werklik regeer, dat Sy Koninkryk reeds gekom het maar ook nog aan die kom is. Ons kan nie God vir onself opeis nie, want Hy is dié God, Hy is die Vader van al sy kinders, (ons mag hulle ook noem die uitverkorenes), ongeag in watter tyd, watter geslag, watter kultuur, watter taal, watter omgewing en sosiale-welstand hulle ook al hulleself in mag bevind. God wat weet Wie aan Hom behoort, ek weet dit nie vooruit nie, en ek kan en mag ook nie met my idees net die evangelie verkondig aan wie ek dink dit mag toekom nie. Daarvoor is Jesus se sendingopdrag deur al die eeue net te duidelik- *Matt. 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* As ek dit doen dan is ek nie besig met valse idees oor Christus nie, ek is nie besig met misleiding nie, ek maak God se liefde en genade op geen wyse goedkoop nie, en dan kom ek nie, maar onder die naam van 'n valse christus nie, maar ek mag kom in die Naam van Hom wat alleen die Christus is. Geliefdes, wanneer ons op die terrein van die godsdiens agterkom hoe maklik en op watter maniere die valse christus aan ons verkondig kan word, die christus wat mense sê dit is hy, dit is Ek, dan sê Jesus Self hulle is besig om julle te mislei. Ons het egter ook 'n tweede terrein waar ons in hierdie dae die einde van die tye ook goed moet kan onderskei nl.

Hoe die mensewêreld al meer in beroering kom:

Ons teksverse het ons geles: Mark 13 vers 7 maar ook Matt. 24 vers 6-7: *6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.* Of soos ons in Mark 13 vers 7 lees- *7 Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie.* Ook Lukas 21 verse 9-10: *9 En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie. 10 Toe sê Hy vir hulle: Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander.* Van watter kant ons ook al hierna kyk en hierna luister is dit baie duidelik die mensewêreld is in beroering en sal al meer in beroering kom.

Gelowiges ingesluit sal swaar tye beleef. Ja, oorloë was daar nog altyd en gerugte van oorloë is al so dikwels deel van die algemene nuus. Elke geslag ervaar hierdie dinge. Selfs hoe volkere mekaar kan uitwis, etniese uitwissing is 'n eeue oue verskynsel op die Afrika-kontinent waar ons bly. Tog as ons hierdie beroering van mense in al drie die sinoptiese evangelies lees, loop daar ook dieselfde refrein deur al drie – MOENIE SKRIK NIE... of moenie verskrik word nie. Wanneer ons na die Grieks kyk vir skrik dan hou dit direk verband met bloed wat op 'n hoop gejaag word, dit wat skielik groot moeilikheid kan maak, soos wanneer 'n bloedklont deur jou hart gaan, skielik, onverwags, tog sê Jesus nie alleen dat dit sal gebeur nie, maar hoor mooi hoe die Here dit stel – DIT MOET GEBEUR- *dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie.* By hierdie deel is die groot saak wat ook al in die mensewêreld gebeur is dat ons moet nie verskrik word nie. Ja, oor die beroeringe in die mensewêreld sou ons met wat in mense se lewens gebeur nog lank by kan stilstaan, maar tog hou dit so direk verband met wat ek ook as ons laaste gedagte in hierdie grendeltyd vanweë 'n wêreldvirus wil stel nl.

Hoe God se skepping al meer dreig om in chaos ineen te stort.

Ons teksverse is hieroor ook duidelik: In die geval Lukas 21 vers 11: *11 En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiëktes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.* Dit is verskriklike dinge wat gebeur, groot tekens noem die geneesheer, dr. Lukas dit, maar ook die vroeëre tollenaar, Mattheus hy is nou alles behalwe met tol praatjies besig- Ook hy skryf deur die Heilige Gees Jesus se woorde, as Jesus dit vir daardie klein dissipel-kring daardie laat Dinsdag-middag sê ... *daar sal hongersnode wees*

en pessiectes en aardbewings op verskillende plekke. 8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Waar ons ook vandag uit Markus 13 gelees het, die oudste van die evangeliste, dan skryf hy dat hierdie dinge is geboortepyne ... ja ons weet Markus was ook die sekretaris van Petrus en dat Petrus heel waarskynlik vir Markus groot gedeeltes aanhaal wat geskryf moet word.

Weereens uit al drie die evangeliste kom dit na ons oor, ons moet dit hoor- God se skepping gaan onder al hoe swaarder druk verkeer. Ek het seker nie nodig om hier ook moeilike bewyse te gaan haal nie. Die Corona pandemie, ook genoem die Covid-19 virus raak almal en praat met almal, dis 'n pessiecte, dis tog niks anders nie?! Ons het al so paar weke terug gesien hoe dit die kroon van virusse geword het, met sy doringagtige voorkoms. Die woord pes dra nie verniet in die oorspronklike taal ook die betekenis van 'n doring met dit saam nie.

Nou met hierdie pandemie in volle gang is dit asof die wêreld skielik vir 'n oomblik die ander groot tema agterweë laat nl. aardverwarming. Hoe ons al vir maande en maande, ja dit voel dalk vir my na jare en jare hoe dit die oorsaak gemaak is van so baie dinge ... allerhande verskynsels ... party plekke uitermate droog en word voorspel die woestyne van die wêreld gaan meer en groter word, ander plekke weer oorstromings waar dit eenvoudig net te veel reën. Of dit gewoon net aardverwarming as oorsaak dra en of dit 'n sameloop van dinge is en of dit maar die reëlmaat is hoe die wette in die natuur deur God wetmatig daargestel en wetmatig bepaalde patrone aanneem, gaan ek nie in die tyd van nou probeer antwoord nie. Die feit is, ons het in Lukas gelees- ... *daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom.* Die virus oor die wêreld versprei is 'n verskriklike ding, maar mag ons dit 'n groot teken van die hemel noem. Ja, ek dink só, Christus praat dan self van groot tekens wat van die hemel sal kom, al is dit ook verskriklike dinge ...

Dit is partykeer asof die natuur stuiptrekkings kry, ja ons praat nou vanuit Jesus se Profetiese Rede maar geliefdes moet nie die Ou Testament profesieë in hierdie dae vergeet nie. Baie van wat in hierdie dae gebeur is ook Ou-Testamentiese profesieë wat steeds in vervulling gaan. Prof. Tjaart van der Walt het van dit in 1974 al gelys, ons is nou 46 jaar later maar gaan kyk maar na die Ou-Testamentiese profesieë – Jes. 13:13, Jes. 19:2, Joël 2:10, 28,31-32, Eseg. 5:12, Haggai 2:6, Sag 14 vers 4. Daar is sekerlik nog baie ander ... Dit is alles dinge wat sal gebeur as God

gerig hou met dinge wat ook met die eindoordeel verband sal hou. Steeds is dit asof ons die einde kan sien, maar onthou elke keer Jesus se woorde wat Hy direk hiermee vir ons vandag in die Covid-19 tyd ook dieselfde sê – dit is nog nie die einde nie ... MOENIE SKRIK NIE, MOENIE VERSKRIK WEES NIE en in direkte verband ook hiermee - hierdie dinge is alles geboortepyne, dis wel pyne wat lank kan aanhou, maar wie is daar wat sê dit is nie pynlik nie. Tog sê Jesus ook vandag vir ons - *Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie ...* In Mattheus staan dit- *maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte ...* Die voorreg en genade wat hiermee saamgaan is nie alleen dat ons nie verskrik hoef te wees nie, maar Jesus noem dit nou reeds ... *die begin van die nuwe tyd.* Watter voorreg om dit só te mag hoor.

AMEN